

10 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 19:4 – 20:1
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 20:1-30

Die Here gee oorwinning deur lofprysing

God hou sy kerk ook deur gewone mense in stand. God se werk is nie afhanklik van konings nie. In die Kroniekeboeke lees ons hoe Hy talle profete gebruik. Daar is ook voortdurend priesters en Leviëte om in die tempel diens te doen, die volk te onderrig en veral om die volk in hulle lofprysing te lei. Dis veral die gewone gelowiges deur wie God vir Homself lof berei. Ons het gelees hoe die hele Juda en hulle afhanklikes, vrouens en kinders, voor die Here gestaan het toe 'n groot menigte Juda bedreig het en koning Josafat 'n vasdag uitgeroep het (20:13).

Daar by die tempel het die Here die skare gelowiges by monde van Jahásiël (NAV: Jagasiël) gerus gestel. Die Here sal vir hulle die oorlog voer. Asof die oorwinning reeds behaal is, het twee groepe Leviëte opgestaan en God uit volle bors geprys.

Die volgende dag het die Here die oorwinning gegee, juis toe die sangers die Here se getroue liefde begin besing (20:21-22). Die vyand het mekaar begin aanval. Josafat en sy manskappe hoef maar net die buit bymekaar te maak.

Met lofprysing het hulle uitgetrek, met lofprysing het hulle oorwin en met lofprysing het hulle teruggekóm. Op die vierde dag het hulle 'n samekoms gehou en die Here op die plek wat voortaan as Lofdal bekend sou staan, geloof (20:26). Met groot blydschap is hulle terug Jerusalem toe (20:27).

Jesus Christus gee deur sy Gees aan elke ware gelowige blydschap wat niemand kan wegneem nie (Joh. 16:22). Is dít die toerusting waarmee ons probleme tegemoetgaan, hanteer en daarop terugkyk – met dankbaarheid, blydschap en lofprysing?

Sing: Psalm 63:3

Prof. PP (Paul) Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)